# Die Genadeverbond
# “voorwaardelik of onvoorwaardelik ”
# gesien in die lig van die
# Openbaring van die Verbond
# in die Nuwe Testament en
# die verhouding daarvan tot
# die Koninkryksopenbaring

Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend;
en dit is van *my kant die verbond* met hulle as Ek hulle sondes wegneem. – Rom.11:26,27


**Naam: Slabbert Le Cornu**

**Studentenommer: 12610356**

**Dosent: Prof. GJC Jordaan**


**Kursus: NTES 811**

**Datum: 19 Januarie 2005 AD**

## INHOUDSOPGAWE

**1. Inleiding** ......................................................................................................3

**2. Probleemstelling** ...........................................................................................3

**3. Doelstellings** .................................................................................................5

**4. Metodologie** ..................................................................................................6

**5. Die gebruik en betekenis van die woord verbond** .........................................6

**6. Die geskiedenis van God se verbond met die mens** .....................................6

6.1. Die Ou Testament

6.2. Die Nuwe Testament

**7. Die verhouding tussen verbond en koninkryk** ..............................................13

**8. Konklusie** ......................................................................................................18

**9. Bibliografie** ...................................................................................................20

Bylaag 1: Die verbond in die belydenisskrifte ......................................................21

# 1. Inleiding

Op Sondag 3 April 2005 het my vrou en ek as verbondsouers die voorreg gehad om ons nuutgebore dogtertjie na die doopvont te bring in die Gereformeerde Kerk Oos-Moot. Dit was 'n feestlike geleentheid waarin ons saam met mede-gelowiges herinner is daaraan dat:

Die HEER wat van geen wankel weet nie,
Sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag
tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind,
Bevestig Hy van kind tot kind.

Hierdie is 'n redelik vrye beryming van Ps.105:6-10:

> [6] o nageslag van Abraham, sy kneg, o kinders van Jakob, sy uitverkorenes! [7] Hy, die HERE, is
> onse God; oor die hele aarde is sy oordele. [8] Hy dink vir ewig aan sy verbond, aan die woord wat
> Hy ingestel het vir duisend geslagte - [9] die verbond wat Hy met Abraham gesluit het, en sy eed
> aan [10] wat Hy ook vir Jakob as insetting bekragtig het, vir Israel as 'n ewige verbond

Sentraal in hierdie Psalm is God wat trou is aan sy verbondbeloftes soos Hy dit van geslag tot geslag deur die eeue bevestig. In die beryming word die volgende woorde bygevoeg: 'sy vrind', wat in wese die verbond saamvat as 'n intieme ewige lewendige band van vriendskap tussen God en hulle wie Hy uitverkies het in Jesus Christus as hul Here.

Die doopsgeleentheid het opnuut die besinning oor die verbond na vore gebring, spesifiek met die worstelvraagstuk wat al regdeur die eeue plaasgevind het:

Is die verbond voorwaardelik of onvoorwaardelik ?

# 2. Probleemstelling

Aan die gedoopte kind word belowe dat God haar Vader sal wees en sy sy kind. So word daar in die gereformeerde kerke kinders van gelowiges gedoop met die belofte van Vaderskap en kindskap. In die Skrif leer ons dit in die volgende woorde:

> [38] En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van
> Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. [39]
> Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse
> God na Hom sal roep.

En tog vind ons dat aan baie kinders wat die doop bedien is deur die eeue, hul vervreem geraak het van die kerk en die geloof openlik verwerp het. As antwoord daarop word die volgende Skrifgedeelte voorgehou:

> [6] MAAR ek sê dit nie asof die woord van God verval het nie; *want hulle is nie almal Israel wat
> uit Israel is nie*. [7] Ook nie omdat hulle Abraham se nageslag is, is hulle almal kinders nie; maar:
> in Isak sal jou nageslag genoem word. [8] Dit wil sê, nie hulle is kinders van God wat die kinders
> van die vlees is nie, maar die kinders van die belofte word gereken as die nageslag. – Rom.9

Dus, nie almal wat die teken van die doop ontvang, ontvang die betekende saak, nl. vergifnis van sondes, die Heilige Gees en die ewige lewe nie. Dit is hier waar die saak van die uitverkiesing vasstaan, soos geskrywe staan in Romeine 9:11,

> Want toe die kinders nog nie gebore was en nog geen goed of kwaad gedoen het nie - dat die voorneme van God *volgens die verkiesing* kon bly staan, nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep

Beide Esau en Jakob het die teken van die verbond ontvang maar slegs Jakob het volgens die verkiesing die inhoud van die verbond ontvang, nl. hy alleen is gereken as kind van die belofte.

Dit is dan hier waar baie gereformeerde teoloë en kerke se weë skei, nl. die begronding en verduideliking waarom sekere dopelinge wel verlore gaan.

As die belofte vir elke dopeling bedoel is, hoekom word elke dopeling nie gered nie, maar sommige gaan verlore ?

Die antwoord wat baiemaal gegee word is: omdat die dopeling nie die eise van die verbond nagekom het nie, nie die verbondsvoorwaardes vervul het nie. God het alles gedoen van sy kant in die verbond, maar nou moet die bondeling antwoord met geloof en bekering. As hy dit nie doen nie, dan tree die verbondswraak in en gaan so dopeling verlore. Die totale implikasie is dan dat daar bondelinge, verbondskinders in die hel sal wees.

Dus, die feit dat die verbond van God voorwaardelik is verduidelik waarom sekere dopelinge verlore gaan. Teenoor hierdie siening is die onvoorwaardelike verbondsbeskouing wat glo dat sekere dopelinge verlore gaan sodat "die voorneme van God volgens die verkiesing" vas kan bly staan. Van Genderen (1992: 30) stel hierdie twee standpunte oor die verbond as volg:

> De ene neemt haar uitgangspunt in de leer van de verkiezing en beschouwt vandaaruit het verbond. Dan komt men tot de onvoorwaardeIijke heilsbelofte en de veronderstelde weder-geboorte. De andere gaat niet uit van de verkiezing, maar van het verbond met de gelovigen en hun kinderen. Aan hen allen komen de beloften van God toe en ze worden ook aan hen allen verzegeld in de doop. Geloof en bekering ziin voorwaarden van het verbond. Tegelijk zijn het ook gaven van God. De eerste zienswijze modelleert het Verbond naar de idee der souvereine vrije genade; de tweede beschrijft den weg dier vrije genade naar den aard van het Verbond' ".[1]

Volgens hierdie uiteensetting is by die voorwaardelike verbondsbeskouing (afkorting: VVB) die handeling van die mens (geloof en bekering) bepalend in die voortgaan en handhawing van die verbond, terwyl by die onvoorwaardelike verbondsbeskouing (afkorting: OVB) die uitverkiesende genade van God bepalend is vir die voortgaan en handhawing van die verbond. In laasgenoemde siening is geloof en bekering die gevolg van die verbond en nie die voorwaardes daarvan nie. Die geloof is die noodsaaklike gawes en instrument waardeur Christus en al sy weldade ontvang word.[2]

As God se beloftes vir elke dopeling bedoel is, maar sommige gaan wel verlore, beteken dit dan dat God se genade weerstaan kan word, dat sy beloftes kragteloos gemaak kan word ? As God die Vader vir elke dopeling wil wees, maar sekere dopelinge weerstaan sy liefde, beteken dit God se wil kan weerstaan word ? As alle gedooptes dieselfde inhoud van die belofte ontvang: nl. vergewing van sonde en die Heilige Gees, beteken dit dat sommige verloor dit weer en ander behou dit op grond van wat hul doen, die voorwaardes wat hul nakom ?

Is geloof en bekering deel van die belofte van God of die voorwaarde om die belofte te ontvang? As sonde vergifnis deel is van die belofte, en alle gedooptes ontvang dit, maar sommige gaan wel verlore, het Christus dan vir al hul sondes gesterwe, d.w.s. ook vir die sonde van ongeloof en 'n onbekeerlike hart ?

---

[1] Van Genderen, wat vanuit die voorwaardelike verbondsbeskouing skryf is van mening dat die onvoorwaardelike verbondsbeskouing lei tot die siening van die veronderstelde wedergeboorte, alhoewel dit nie noodwendig daartoe lei nie (sien Hoeksema, 1985: 695-700).

[2] Sien NGB artikel 22, HK v/a 61 en DL hfst.1 verwerping 3, hfst.2 verwerping 3.

Dit is dus duidelik dat die voorwaardelike verbondsbeskouing baie groot probleme na vore bring, nie net in terme van Godsbeskouing en mensbeskouing nie maar veral ook in konkrete pastorale probleme, want wat hier op die spel is, is nie net die soewereiniteit van God nie, maar ook die enigste vaste troos in lewe en dood van die bondeling.

Dit is skrywer se tese dat as gevolg van 'n verkeerde definisie en verklaring van die aard van die verbond, die voorwaardelike verbondsbeskouing met hierdie groot teenstrydighede en pastorale probleme te doen het.

Ten einde is die vraag of die verbond 'n *suntheke* of 'n *diatheke* is: kontrak of verbond. Volgens Torrance (1970: 54) ) is die verbond as *suntheke* 'n kontrak, 'n juridiese verhouding waarin twee mense of partye hulself verbind aan mekaar op grond van wedersydse *voorwaardes* om toekomstige resultate tot gevolg te hê, terwyl die verbond as *diatheke* 'n belofte is wat twee persone of partye bind om mekaar *onvoorwaardelik* lief te hê.

Soos reeds hierbo genoem, het gereformeerde teoloë oor die eeue se weë uiteengeloop oor die vraag of die verbond voorwaardelik of onvoorwaardelik is. As verteenwoordigers van hierdie twee verbondsbeskouings neem ek K. Schilder (VVB) en H. Hoeksema (OVB).

Schilder (1946:66) se definisie van die (voorwaardelike) Verbond is as volg: "Verbond is de wederkerige *overeenkomst* tusschen God en zijn volk, ontstaan door Hem zelf, en onderhouden (krachtens zijn genadig werk) door Hem zelf en zijn volk als twee 'partijen'. Het is, naar dien zulks Zijn aandeel betreft, bepaald door Zijn spreken, door Zijn Woord (belofte en eisch). En door dit spreken voert Hij zijn raad (der verkiesing) uit. Alsmede dien van Zijn verwerping (in zooverre ze een voorbeschikking os tot straf bepaaldelijk over verachting der genade-verbonds-administrasie)".

Daarteenoor is Hoeksema (2004: 459) se definisie van die (onvoorwaardelike) Verbond as volg: "Die verbond is die verhouding van die mees intieme omgang van *vriendskap*, waarin God sy verbondslewe in verhouding tot die mens openbaar, vir die mens lewe gee, en die mens die hoogste goed laat ontvang."[3]

Om die probleemstelling kortom op te som: Is die verbond 'n juridiese ooreenkoms (VVB) of band van vriendskap (OVB) tussen God en sy volk ?

Die antwoord op hierdie vraag is bepalend vir ander samehangende vrae soos:

- die verhouding tussen uitverkiesing en verbond
- is die verbond 'n middel tot 'n doel of die doel opsigself
- die verhouding tussen God se soewereiniteit en die mens se verantwoordelikheid
- die aard van die belofte en die geloof
- wie behoort tot die verbond, ens.

## 3. Doelstellings

Die doel van hierdie studie is daarop gemik om:
- die openbaringshistoriese betekenis en gebruik van die woord verbond in die Skrif na te vors,
- die gebruik van die woord verbond in die belydenisskrifte na te vors,
- met die doel om te bepaal of die verbond voorwaardelik of onvoorwaardelik is.

Laastens word die problematiek ook gesien in die lig van die verhouding tussen verbond en koninkryk.

Daar word spesifiek gefokus op die verbond van God met die mens, en nie die verskillende verbonde wat mense met mekaar ondergaan het nie. Daar is nie 'n afsonderlike evaluering en gevolgtrekking aan die einde van die werkstuk nie, aangesien dit deurlopend plaasvind in elke afdeling wat behandel word.

---

[3] Engelsma (2004) beskryf dit as volg: "Die verbond is die lewende geestelike verhouding van liefde en gemeenskap tussen die drie-enige God en sy uitverkore mensdom in Christus".

## 4. Metodologie

Skrywer se vertrekpunt is *sola et tota Scriptura*: dat 'net die Skrif, en die hele Skrif' die heilige Woord van God is; wat onfeilbaar en foutloos in al sy dele. Daarom is die Heilige Skrif die hoogste en finale standaard vir die totale lewe en denke van die mens. *Wat die Skrif sê, sê God* (Geisler, 1980: 30). Daarom moet alle insigte wat verwerf word deur teologies-wetenskaplike arbeid, alles verstaan en verklaar word binne die openbarings-historiese konteks van die hele Skrif.

## 5. Die gebruik en betekenis van die woord verbond in die Skrif (Francke, 1987:15-18)

Die woord *verbond* is in die Ou Testament die vertaling van die Hebreeuse woord *bēriet* (בְּרִית) en in die Nuwe Testament die Griekse woord *diathèkè* (διαθήκη).

Beriet kom 287 keer voor in die OT en diatheke 33 keer in die NT. Sewe keer is dit aanhalings vanuit die OT: Rom.11:27; Hebr.8:8; 8:9; 8:9; 8:10; 9:20 en 10:16.

Etimologies word die woord gekoppel aan " 'n sny" soos dit voorkom spesifiek in Gen.15 ((Jordaan, 2005: 1). Dit verwys spesifiek na die seremoniële karakter van die verbond.

In die OT word *beriet* op drie maniere gebruik:
i. Verbond tussen God en mense (bv. Gen.6:18; Gen.15 en17; Ex.24:8).
ii. Verbond tussen mens en mens (bv. koning Asa met Benhadad, 1 Kon.15:19).
iii. Verbond as 'n 'overdrachtelijke uitdrukkingswijze' (bv. Jes.28:15; Jer.33:20-26; Hos.2:13ev).

In die NT is die woord nou verbonde aan die bemaking van 'n testament as laaste wilsbeskikking. Daarom dat die woord *testament* meestal gebruik word om verbond aan te dui in die NT. In Rom.11:27, Gal.3:15-17 en Hebr.9:16-17 word *diathèkè* konsekwent met verbond vertaal.

Hier is dit reeds belangrik om te noem ten opsigte van ons probleemstelling (is die verbond voorwaardelik of onvoorwaardelik, d.w.s. *sunthèkè* of *diathèkè*) dat die NT nie *sunthèkè* gebruik nie maar wel *diathèkè*. Verder het die Septuagint ook *beriet* deurgaans vertaal as *diathèkè* en nie *sunthèkè* nie (met 2 Kon.17:15 as uitsondering).

Daardeur word die eensydigheid (onvoorwaardelikheid) van die verbond beklemtoon teenoor die tweesydigheid (voorwaardelikheid) van die verbond.

God se handelinge met mense in skepping en verlossing – in genade – is in terme van die verbond en nie in terme van 'n kontrak nie (Torrance, 1970: 54).

Vervolgens word gekyk na bepaalde momente in die geskiedenis van die verbond van God met die mens.

## 6. Die geskiedenis van God se verbond met die mens

*6.1. Die Ou Testament*
Francke (1987: 21) is van mening dat die verbond reeds ter sprake is voor die sondeval, nl. in die tuin van Eden. Hy baseer dit op twee argumente:
- Die gebruik van die verbondsnaam Jahwe (יְהוָה)
- Hosea 6:7 se getuienis: "Maar hulle het soos Adam *die verbond* (בְּרִית) oortree, daar het hulle troueloos teen My gehandel."

In Gen.2:16-17 is daar ook gegewens wat dui op God se verbondsbelofte, eise en bedreiging. Wat belangrik is om raak te sien is dat na die sondeval Jahwe reeds eensydig die verbond handhaaf in die gee van die Belofte van die Messias:

15 *En Ek sal* vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt. – Gen.3

Jahwe sal die vyandskap instel (אָשִׁית) en sorg dat 'Hy' die kop van die slang vermorsel. Dit doen Jahwe los van die handelinge van enige mens, eensydig. Dit vind sy volmaakte vervulling in die woorde van die ‚Hy' van Gen.3:15, die Messias in Jesus Christus se woorde: „Dit is volbring!" (Joh.19:30).

Die woord verbond kom die eerste keer letterlik voor in Gen.6:18, waar daar staan: "Maar met jou sal Ek *my verbond* oprig, jy moet in die ark gaan, jy en jou seuns en jou vrou en die vroue van jou seuns saam met jou." (sien ook Gen.9:9-11)

Die frase *my verbond* (בְּרִיתִי) dui in die OT uitsluitlik op die verbond van God met die mens (Jordaan, 2005: 2). God sluit met Noag en sy nageslag 'n verbond waardeur sy verbond in stand gehou word ongeag die mens se ongehoorsaamheid en opstand (Gen.6:1-7,11). Let daarop dat die rede vir die verbond nie Noag se regverdigheid en opregtheid is nie, „Maar Noag het genade (חֵן) gevind in die oë van die HERE" (6:8). Ongeag die mense se verbondsontrou handhaaf God sy verbond onvoorwaardelik met sy Kerk deur die eeue, en daarom roep Hy Noag en sluit met hom 'n verbond. Noag se regverdigheid en opregtheid is die gevolg, en nie die voorwaarde nie, van God se genade in die verbond. Noag se godsvresende lewe is die bewys van sy regverdiging, dat hy in die verbond is, en nie die voorwaarde om daaraan te behoort nie.

In Gen.15, 17 en Ex.20 word in meer detail inligting oor die verbond gegee wat belangrik is vir die beantwoording van die probeemstelling. Hierdie gedeeltes openbaar die volgende aspekte van die verbond (Jordaan, 2005: 2-4):

*i. die monopleuriese (eensydige) karakter van die verbond*: 15:18; 17:2
Aanhangers van 'n VVB meen hul los die probleem op van 'n verbondsiening waarin God en mens die twee (ongelyke) partye is, deur te beweer die verbond bestaan eensydig (monopleuries) maar is in sy bestaan en voortbestaan tweesydig (dupleuries). God neem egter nie net die iniasitief in die oprigting van die verbond nie, maar ook die bestaan en voortbestaan daarvan is eensydig soos uit hierdie werkstuk sal blyk. Daarom is dit beter om in lyn met die Gereformeerde Doopsformulier te praat van „omdat alle verbonde uit twee *dele* bestaan" of van twee *kante* van die verbond, soos ons lees in Rom.11:26, 27: „Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend; en dit is van *my kant die verbond* met hulle as Ek hulle sondes wegneem."

*ii. die belofte en eis van die verbond*: 15:7; 17:2
Dit is die *belofte* van 'n nageslag (15:5; 17:5) en om vir hulle 'n God te wees (17:7,8). Laasgenoemde is *die kern van die verbond*, om ewige gemeenskap met God te hê, wat dan ook dui op die ewige band van vriendskap tussen God en sy kinders. Hierdie gemeenskap met God word deur God in Christus herstel en vir ewig gehandhaaf, ongeag die sonde en swakheid van sy kinders.
die *eis* van geloof en gehoorsaamheid (17:10-14). Geloof en gehoorsaamheid is eise en pligte van die verbond, nie voorwaardes daartoe of om daarin te bly nie.[4] Ongehoorsaamheid lei tot God se tug en straf maar nie tot die vernietiging of uitval uit die verbond nie (Ps.89:29-38).

*iii. die bepalings van die verbond*:
Die bepalings van die verbond word in die besonder geopenbaar met die uittog van Israel uit Egipte en die wet wat vir hul gegee word by Sinaï. Daar word die woorde van die verbond aan Israel gegee (Eks.34:28; Dt.9:9,10), wat die bepalings van die verbond is wat die volk moet gehoorsaam. Belangrik is dit om dit alles te sien in die lig van die inleiding tot die verbondswet: „TOE het God al hierdie woorde gespreek en gesê: Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het" (20:1,2). M.a.w. omdat die volk verlos is, omdat hul aan die verbond behoort, daarom moet hul

[4] Daarom dat ons gehoorsaamheid aan en in die verbond behandel word onder die derde punt van die Gereformeerde Doopsformulier, nl. 'Dankbaarheid', en staan daar: "Daarom word ons ook weer deur die doop vermaan en verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid." Ons deel in die verbond word dus nie as 'n 'voorwaarde' behandel onder die tweede punt van die Doopsformulier 'Verlossing' nie.

gehoorsaam. Dit is nie julle is nou in die verbond, nou moet julle eers hierdie wette gehoorsaam as voorwaardes, en dan sal julle gered word en bly in die verbond nie. Daar is beide seën en straf in die verbond, vir die bondeling tot heiligmaking en redding, vir die huigelaar wat in die sfeer van die verbond grootword is dit tot sy veroordeling (20:5,6).

*iv. die seremonies van die verbond*:
In Gen.15:9-17 word in die besonder die seremonie van die verbond geopenbaar. Abraham moet die verskillende offerdiere in die helfte sny en teen die aand het die HERE soos 'n rokende oond en brandende fakkel tussen die vleis deurbeweeg. Jordaan (2005: 4) maak die opmerking hier dat „Hierdie opdrag was aansluitend by destydse verbondsluiting-seremonies waardeur die binding van albei partye versinnebeeld is."

Insiggewend vir die beantwoording van die probleemstelling is egter die belangrike feit dat God *alleen* tussen die diere deurbeweeg het terwyl Abraham in 'n diepe slaap was (15:12, 17) !

Met die ontstaan en oorsprong van die verbond met Abraham, is God aktief en die mens passief in terme van die vervulling van die verbond. Dit bevestig die eensydige ontstaan en voortbestaan van die verbond, wat afhanklik is van God se soewereine genade in Christus en nie van die mens wat die voorwaardes vervul nie. Die mens is deur genade betrokke en verantwoordelik maar die voortgang van die verbond is totaal afhanklik van wat Jahwe sê én doen. Wat Jahwe gedoen het in Gen.15:17, deur alleen tussen die vleis deur te gaan, is dat Hy vir sy bondelinge gesê het dat as hul die verbond verbreek, dan sal Ek vir julle doodgaan sodat julle nie hoef dood te gaan nie. En dit het Hy in sy liefde in Christus vir sy kinders gedoen. Dit stel Harbach (1986: 301) treffend as volg:

> The dividing of the sacrifice, therefore, does not represent two parties completing the covenant transaction together, for the sacrifices, everywhere in scripture, represent the Cross, and God does not allow man to share in this exclusive work of redemption. The horror of darkness here is also further illustration of the darkness at the Cross which Christ alone bore. The halved sacrifice rather represents Christ the Shepherd, the Man that is God's Fellow, smitten with the sword of divine wrath, stricken of God and afflicted. It is by His wounding we are healed, by His smiting we are accepted into the party of God.

Abraham, as vader van die gelowiges, se deel in die verbond is dankbare gehoorsaamheid, wat bevestig dat hy geregverdig is: „En hy het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken" (Gen.15:6).[5]

Hierdie vers word vir ons in die NT verklaar in Romeine 4, spesifiek in vers 3 en verder: " Want wat sê die Skrif? Abraham het in God geglo, en <u>dit</u> is hom tot geregtigheid gereken" ? Wat is die 'dit' van Rom.4:3 ? Rom.4:6 antwoord soos volg: "Soos Dawid ook die mens salig spreek aan wie God <u>geregtigheid</u> toereken <u>sonder</u> werke". Die 'dit' van vers 3 is die 'geregtigheid' van vers 6. Dus, nie die handeling van die geloof self nie, maar Christus Homself (die belofte wat Abraham verwag het) is dit wat God tot Abraham toereken het. Die geloof is 'n 'gawe van God', die instrument of middel waarmee die geregtigheid ontvang word, en nie 'n werk of verdienste nie (Ef.2:8).

In NGB 22 word dit as volg bely "Ons sê daarom tereg saam met Paulus dat ons deur die geloof alleen of deur die geloof *sonder* die werke geregverdig is. *Om presies te wees*: Ons bedoel nie dat die geloof

---

[5] Rossouw (2005: 16) skryf as volg: "Hier is dit dan belangrik om te let op Genesis 15:6 – והאמן ביהוה ויחשׁבה לו צדקה *(en hy het geglo in Jahwe en Hy het gereken haar vir hom [as] geregtigheid)*. Die 3de persoon enkelvoud vroulike suffiks by ויחשׁבה val hier op. Die persoonsuffiks hier aan die werkwoord gevoeg se referent moet dan die geloofsdaad van Abraham wees, wat beskryf word deur והאמן. Hierdie geloofsdaad moet egter 'n vroulike selfstandige naamwoord wees wat kan kongrueer met die vroulke persoonsuffiks. O. Palmer Robertson (1990) skryf dan as volg hieroor: "What is to be understood by the 'it' of this phrase? The femine singular pronoun refers back to the verb 'he believed' *(he'emin)*, and therefore presumably would allude to the corresponding noun – 'belief' *('emuna).*

self regverdig maak nie, want die geloof is *slegs die middel* waardeur ons Christus, ons Geregtigheid, omhels, maar wel dat Jesus ons Geregtigheid is."

Die besnydenis, offers, Pasga, Paaslam, ens., het alles bevestig en gewys op wat God in die verbond met sy volk deur Christus doen, eensydig genadig.

*v. die duursaamheid van die verbond*
God handhaaf sy ewige verbond ongeag sy volk wat die verbond verbreek. In sy soewereine genade en liefde herstel Hy weer weer sy verbond, al is dit langs die weg van tydelike straf en oordeel. Hier is dit spesifiek Jer.31:31-33 wat wys op die herstel van God se een ewige verbond, wat geen nuwe verbond is nie, maar die herstel en handhawing van die een ewige verbond:

> [31] Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit; [32] nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie - my verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ék gebieder oor hulle was, spreek die HERE. [33] Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.

Die getuienis uit die OT oor die aard van die verbond, of dit voorwaardelik of onvoorwaardelik is in enige aspek daarvan is duidelik. Nêrens lees ons van "Kom *laat ons* 'n verbond maak tussen mekaar nie" maar "*Ek sal* My verbond maak tussen My en jou ..." Die verbond is eensydig en totaal afhanklik van wat God doen en nie afhanklik van die mens wat sekere voorwaardes vervul nie.

Die verbond is 'n diatheke en nie 'n suntheke nie.

Dit bring ons by die Nuwe Testament getuienis oor die verbond.

*6.2. Die Nuwe Testament*
Saam met die Koninkryksgedagte, vorm die Verbondsgedagte 'n sentrale tema van die NT. Die feit dat die woord verbond in die NT baiemaal as testament vertaal is kan dalk onsekerheid hieroor veroorsaak.

Die eerste duidelike openbaring aangaande die verbond is in Luk.1:72,

> [70] soos Hy gespreek het deur die mond van sy heilige profete van ouds af - [71] redding van ons vyande en uit die hand van almal wat vir ons haat, [72] om barmhartigheid te bewys aan ons vaders en *aan sy heilige verbond* te dink, [73] aan die eed wat Hy gesweer het vir Abraham, ons vader, om aan ons te gee [74] dat ons, verlos uit die hand van ons vyande, Hom sonder vrees kan dien, [75] in heiligheid en geregtigheid voor Hom, al die dae van ons lewe. [76] En jy, kindjie, sal 'n profeet van die Allerhoogste genoem word, want jy sal voor die aangesig van die Here uitgaan om sy wee reg te maak; [77] om kennis van saligheid aan sy volk te gee in die vergifnis van hulle sondes, [78] deur die innige barmhartigheid van onse God waarmee die opgaande Lig uit die hoogte ons besoek het

Weereens word daar gespreek van '*sy* heilige verbond' (ιαθήκης ἁγίας αὐτοῦ). Dit beklemtoon die eensydigheid van die verbond, wat God gedoen het deur barmhartighede te bewys aan sy uitverkore volk. Nêrens is daar sprake van die mens se bydrae of voorwaardes tot die handhawing en voortbestaan van die verbond nie. Iteendeel, wat sentraal staan is wat God in sy soewereine genade doen. Dit is Hy wat:
- 'dink' aan sy heilige verbond
- 'n eed 'gesweer' het vir Abraham
- wat verlossing 'gee' aan sy volk van hul vyande

Dit doen Hy alles sodat sy kinders in gehoorsame dankbaarheid hul kant van die verbond kan nakom: 'Hom sonder vrees kan dien, in heiligheid en geregtigheid voor Hom, al die dae van ons lewe' (1:74,75). Laasgenoemde is juis die bevestiging, vervulling en handhawing van die 'kern van die verbond', nl. God met ons, wat in Christus vir ewig vasstaan (Matt.1:21-23, sien veral die verband tussen vers 21 en 23).

Die verbond van Lukas 1:72 is 'n onvoorwaardelike soewereine genadeverbond van God met sy volk in Christus. Hulle ontvang deur die geloof die beloftes en heilsweldade van die verbond, en verkry dit nie langs die weg van die vervulling van sekere 'verbondsvoorwaardes' nie.

Die verbond kom verder tot sprake op spesifiek drie plekke in die Nuwe Testament:
- Tydens die Nagmaalsinstelling (Matt.26:27,28; 1 Kor.11:25)
- In 2 Kor.3:6 waar die ou en nuwe verbond gekontrasteer word
- Hebr.7-10

In 2 Kor.3:4-4:6 handel dit nie daaroor dat die nuwe verbond 'n ander verbond is wat die nuwe verbond vervang nie, maar dat dit spesifiek die bediening (διακονια) van die verbond is wat in die NT verskil. Die bediening van die verbond in die OT en NT verskil in die volgende aspekte gebaseer op 2 Kor.3:6-11 (Jordaan, 2005: 7):
i. In heerlikheid – in oorvloediger heerlikheid
ii. Bediening van die Jode – bediening van die Gees
iii. Geestelike blindheid van die Jode
v. Christus die eintlike heerlikheid waarop die bediening van die verbond wys

Die OT verbond het heengewys (Jer.31:31-33) na die heerlikheid van God wat in Christus vervul sou word terwyl die NT die direkte vervulling daarvan is. Jesus Christus is die middelpunt van nie net die bediening van die verbond nie, maar is die Middelaar én Hoof van die verbond. In die VVB word erken dat Christus die hoof van die kerk en die uitverkorenes is, maar dan word daar beweer dat Christus net die Middelaar van die Verbond is en nie ook die Hoof daarvan nie.[6] In die OVB word hierdie skolastiese teenstrydighede en menslike denkkonstruksies vermy, en word bely dat Christus die Hoof van sy Kerk, die uitverkorenes en die Verbond is (Rom.5:12-19).[7]

Jordaan (2005: 7) maak 'n belangrike opmerking vir die beantwoording van die probleemstelling, nl. "Hulle (die Jode) het hulle teen die bediening van die ou verbond blindgestaar asof dit die volle heerlikheid van die verbond was. Die gevolg was dat hulle die bepalings en die seremonies van die ou verbond bedien het asof dit 'n doel op sigself was. Hierdie wyse van die bediening van die ou verbond moet verwerp word."

Die probleem van die Jode het egter nie uitgesterf nie. Dieselfde fout word volgens skrywer gemaak met die voorwaardelike verbondsbeskouing met die bediening van die sakramente van die nuwe verbond, veral die doop. Daar word veronderstel dat die *bediening* van die doop sluit outomaties die *belofte* van die doop in (Christus en al sy weldade). Sodoende beteken dit dat *alle* kinders (kop-vir-kop) van gelowiges wat gedoop word, outomaties die belofte van die doop ontvang (verbondsoutomatisme ?) Sodoende word die doop 'n doel opsigself en moet dit verwerp word, want die die Skrif leer uitdruklik:

> [6] MAAR ek sê dit nie asof die woord van God verval het nie; want hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie. [7] Ook nie omdat hulle Abraham se nageslag is, is hulle almal kinders nie; maar: in Isak sal jou nageslag genoem word. [8] Dit wil sê, nie hulle is kinders van God wat die kinders van die vlees is nie, maar *die kinders van die belofte word gereken as die nageslag*. – Rom.9

Alle kinders wat gedoop word in die lyn van die geslagte is nie kinders van die belofte nie. In die bespreking van Bavinck se verbondsbeskouing stel Van Genderen (1992: 25) dit as volg:

> Sommige verstonden de uitdrukking uithet klassieke doopsformulier: "in Christus geheiligd" in objectieve, verbondsmatige zin. Hij is zelf een voorstander van de subjectieve opvatting, maar dan collectief genomen. Het geldt niet van elk kind, hoofd vir hoofd, maar van 'onze kinderen', dat zij in Christus geheiligd zijn."

[6] Sien o.a. Van Genderen (1992: 18).
[7] Indien DL 1.7 en 2.8 in samehang gelees, dan sal daar geen problem wees om Christus as Middelaar en Hoof van die Verbond te bely nie.

Alle kinders van gelowiges ontvang wel almal die *bediening/teken* van die verbond, omdat God dit beveel (Matt.28:20) en omdat God juis sy volk vergader deur die geslagte, maar slegs die uitverkorenes is kinders van die belofte wat beide die teken en die inhoud ontvang. Die kinders van die belofte ontvang die belofte deur die geloof. Alle kinders word wel gehou as verbondskinders en so behandel (let wel: nie veronderstel as wedegebore nie) omdat dit nie aan die mens toekom om te oordeel of te bepaal wie uitverkies is of nie.

Ook in Hebr.7-10 word die kontras tussen ou en nuwe verbond gestel i.t.v. die bediening daarvan en nie die wesentlike inhoud nie. Dit behels:
i. Die priesterlike dienswerk het heengewys na die priesterlike dienswerk van Christus.
ii. Die skaduwee van die OT is in die werklikheid van die NT vervul.
iii. Die aardse tabernakel was 'n afskaduwing van die hemelse.
iv. Die offers wat die priesters gebring het is 'n afskaduwing van die hemelse.
v. Christus se bediening was voortrefliker.
vi. Christus was die Middelaar van 'n beter verbond.
vii. Die nuwe verbond is op beter beloftes gegrond.

Uit hierdie belangrike gedeelte word die 'kern van die verbond' herbevestig in die nuwe verbonds*bediening,* deur juis te verwys na die ou verbonds*bediening*:

> "[10] Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. [11] En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer en sê: Ken die Here nie; want almal sal My ken, klein en groot onder hulle. [12] Want Ek sal barmhartig wees oor hulle ongeregtighede en aan hulle sondes en hulle oortredinge nooit meer dink nie. [13] As Hy sê 'n nuwe verbond, het Hy die eerste oud gemaak; en wat oud word en verouder, is naby die verdwyning. .... [15] En ook die Heilige Gees gee aan ons getuienis; [16] want nadat Hy tevore gesê het: Dit is die verbond wat Ek met hulle sal sluit ná dié dae, spreek die Here verder: Ek sal my wette gee in hulle hart, en in hulle verstand sal Ek dit inskrywe, [17] en aan hulle sondes en hulle ongeregtighede sal Ek nooit meer dink nie. [18] Waar daar nou vergifnis van hierdie dinge is, is daar geen offer meer vir die sonde nie." – Heb.8 en 10.

Hierdie gedeelte is die finale nekslag wat toegedien word vir enige gronde vir 'n voorwaardelike verbondsbeskouing. In hierdie gedeelte word opnuut bevestig:
i. Die kern van die verbond: "en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees"
ii. God handhaaf eensydig die verbond tussen Hom en sy volk: 'almal sal My ken'; 'Ek sal barmhartig wees'; 'die verbond wat Ek met hulle sal sluit'; 'Ek sal my wette gee ... sal Ek dit inskrywe' 'aan hulle sondes en ongeregtighede sal Ek nooit meer dink nie'

Dit eindig in die 'konklusie': "Waar daar nou vergifnis van hierdie dinge is, is daar geen offer meer vir die sonde nie."

As die vergifnis van sondes en ongeregtighede, 'Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle sal my volk wees', 'die ewige lewe' (Joh.10:28) en om God waarlik te ken (Joh.17:3) alles deel is van die belofte van die verbond, dan kan daar mos geen sprake daarvan wees dat elke dopeling hierdie belofte ontvang nie. Dit is 'n belofte wat alleen aan die kinders van die belofte toekom volgens die voorneme van God deur sy genadige soewereine uitverkiesing (Rom.9).

Daarom roep die verbondsbeloftes van God "om 'n des te groter dankbaarheidslewe by die begenadiges" (Jordaan, 2005: 13), omdat dit alles genade is en geen voorwaardes nie.

Tydens die Nagmaalinstelling spreek Jesus Christus die volgende woorde: "[27] Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit.[28] Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament (τῆς διαθήκης), wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes."

In hierdie teks word drie bepaalde sake onlosmaaklik met mekaar verbind:

- Christus se bloed
- Die nuwe verbond
- Die vergifnis van sondes vir baie

Dus vir almal wat in die nuwe verbond is, is Christus se bloed uitgestort tot vergifnis van sondes. Dit kan slegs dui op die kinders van die belofte volgens die uitverkiesing en nie elke dopeling nie. As dit vir elke dopeling geld omdat hy die doopbediening ontvang, dan beteken dit mos dat Christus se bloed ook hul sonde van die nie-nakoming van 'verbondsvoorwaardes' moes insluit.

Die VVB leer egter dat die nie-nakoming van die verbondsvoorwaardes die rede is waarom sekere 'verbondskinders' verlore gaan.

So, of God se beloftes is dan nie waar nie en sy bloed nie kragtig genoeg nie, of die belofte van die verbond behoort nie aan almal wat gedoop word nie. Dat die belofte egter vas en seker staan vir hulle wat werklik aan die verbond behoort, word duidelik gemaak in die Nagmaalsformulier:

> Hy het helse pyn en smart en bange Godverlatenheid gely toe Hy uitgeroep het: *My God, my God, waarom het U my verlaat* ? sodat ons nooit meer deur God verlaat sou word nie. Eindelik het Hy *met sy dood en bloedstorting die ewige genadeverbond bekragtig* met die woorde: Dit is volbring.

In die VVB is die 'volbring' 'n voorwaardelike handeling, wat nog afhang van die mens se handeling daarmee. Die voorwaardelike verbondeling kan nog deur sy ongehoorsaamheid die verbond wat God met hom gemaak het by die doop verwerp. Dus, die genade is weerstaanbaar en die bloed van Christus nie genoegsaam nie.

In die OVB beteken die 'volbring' dat dit vas en seker is vir die kinders van die belofte. Kragtens die ewige genadeverbond wat in Christus bekragtig is kan geen verbondeling verlore gaan nie, *as* met verbondeling die uitverkorenes bedoel word.

Dus die verbond word aan alle gelowiges en hul kinders *bedien* deur die Woord en die sakramente, maar die belofte van die Verbond *behoort* slegs aan die kinders van die belofte volgens die soewereine genadige uitverkiesing van God, en niks wat die mens daarby kan bydra nie.

Die OVB handhaaf beide God se soewereiniteit en die mens se verantwoordelikheid in die Verbond. God skenk in sy genade redding, vergifnis van sondes en die ewige lewe, en die mens antwoord daarop in dankbare gehoorsaamheid. In sy liefde en geregtigheid tugtig Hy sy kinders tot hul redding en heiliging, maar vir die huigelaars wat in die *bediening* van die verbond lewe is dit tot hul regverdige veroordeling en vernietiging.

So gaan al die lof en eer aan God alleen:

> Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen. – Rom.11:36

Uit die NT blyk dit dat die verbond des te meer onvoorwaardelik (diatheke) is, want Christus as die Verbondshoof het alles volbring (Joh.19:30).

## 7. Die verhouding tussen verbond en koninkryk

*Inleidend*

In hierdie afdeling word daar eerstens na die koninkryksmotief opsigself gekyk, en daarna hoe dit spesifiek in verband staan met die verbond.

*Die Koninkryk van God*

In Markus 1:14, 15 staan daar geskrywe: " En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van *die koninkryk van God* verkondig en gesê: Die tyd is vervul en *die koninkryk van God* het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie."

So kondig Christus die begin van sy bediening aan, as die vervulling van die koninkryk van God wat op verskeie maniere geprofeteer is in en deur die OT. Dit is die sentrale tema van Christus se prediking en daarom is dit van wesentlike belang dat daar aandag gegee word aan die koms, eienskappe, deurwerking en voleinding van die koninkryk in verhouding tot die verbond.

*Die betekenis van die woord*

Die genitief konstruksie ἡ βασιλεία τοῦ θεοῦ verskyn 69 keer in die Nuwe Testament, in vier verskillende vorms. Die genitief konstruksie ἡ βασιλεία τῶν οὐρανῶν verskyn 32 keer in vier verskillende vorms. Laasgenoemde uitdrukking kom slegs by Mattheus voor (Coetzee, 1995: 39), en die verklaring daarvan is moontlik a.g.v. die Jode se verstaan van die derde gebod.

βασιλεία volgens die NIDNTT beteken letterlik 'koningskap, koningsheerskappy, koninkryk' (Brown, 1986: 372).

In die LXX (Septuagint) is die woord geneem van die Hebreeuse wortelstam *malak of melek, nl.* 'om koning te wees, om te regeer'. Die woord melek het veral met die opkoms van die monargie sterk na vore gekom, waar Jahwe beskryf is as dié Melek. Jesaja praat van God as die heersende Koning en in die Psalms word Jahwe as die Koning-Regter beskryf. Die koninkryk het in die OT veral tot uiting gekom in die teokratiese volk en land Israel.

Die woord *basileia* kom hoofsaaklik voor in die Sinoptiese Evangelies, en 'n paar keer in Johannes en die res van die NT boeke. Die term 'koninkryk van God' behels die volgende sake (Brown, 1986: 382):

- die koninkryk is naby, Mark.1:15
- die koninkryk is nou, Matt.12:28
- die koninkryk het gekom, en is besig om te kom, en sal kom in die persoon van Jesus Christus.

Dit is duidelik dat Jesus nie die konsep van die koninkryk nuut uitgedink het nie, maar dat Hy teruggaan op die OT perspektiewe van die koninkryk. Dit behels o.a. die volgende aspekte (Wentsel, 1981: 535):

a. Jahwe is die enigste God, Skepper en Regeerder van hemel en aarde.
b. Jahwe het met sy volk een verbond gesluit.
c. Die koninkryk dui ook op die dinamiese werking van God se koninklike heerskappy.
d. By die profete leef 'n verwagting dat God in die toekoms sy heerskappy kragdadiglik sal uitoefen in 'n spesifieke gebeurtenis.
e. Hierdie verwagting word spesifiek deur die belofte van 'n koninklike nageslag vir Dawid bevestig.
f. Veral die apokaliptiese geskrifte wys op die verwagting van 'n transendente Mense-Seun wat 'n koninkryk sou stig.

*Die karakter van die koninkryk*

Sentraal in die verkondiging van die Evangelie deur Christus, staan die volgende kenmerke aangaande die koninkryk van God:

a. In die koninkryk staan God die Vader sentraal in die midde van sy onderdane se lewe (Matt.11:25-27).
b. Die koninkryk het ook verder 'n messiaanse en christosentriese karakter (Matt.28:16-20)
c. Verder word die koninkryk ook gekenmerk deur die werk van die Heilige Gees (Rom.14:17).
d. Die koninkryk is allesomvattend en totalitêr van aard, dit omvat die totale lewe van die onderdane en die hele kosmos.
e. Die koninkryk se bevoegdhede word aan Christus gedelegeer omdat Hy aan die regterhand van God sit (Fil.2:1-11).

f. Die koninkryk het 'n sterk eskatologiese karakter, d.w.s. die reeds maar nog nie karakter van die koninkryk. Die koninkryk is dus reeds teenwoordig (praesens) maar oor ook nog nie volkome nie (futurum).
g. Die koninkryk in Christus behels ook die heerskappy oor Satan en alle magte, soos dit spesifiek daaruit blyk wanneer Christus demone uitdryf.

*Die koninkryk en die enkeling*

Daar moet geen valse teenstelling gemaak tussen God se heerskappy oor enkelinge en gemeenskappe nie. Die volgende aspekte moet in gedagte gehou word:

- God se ryk strek oor die totale lewe en al die aspekte daarvan.
- Elke mens, dus die enkeling, kan egter alleen die koninkryk ingaan deur geloof en bekering: "[3] Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie (Joh.3).
- Deur die krag van die Heilige Gees moet deur die prediking opnuut appél gedoen word teenoor die enkel om te glo en te bekeer.

*Die koninkryk en die kerk*

Daar moet onderskei word tussen God se regering as Skepper-Koning oor die heelal en sy koninkryk in 'n engere, heilshistoriese sin (Ef.1:20-23). As Koning van alle volke het Hy 'n besonderse verhouding met sy uitverkore volk wat spesifieke implikasies het vir die verhouding koninkryk en verbond.

*Christus as Koning van die koninkryk*

Die volgende tekste dui spesifiek op die koningsheerskappy van God deur Christus:
Hand.3:21; Ef.1:10; Kol.1:15-20; Ef.2:16; ens. Dit behels die hoofskap van Christus:

a. Christus is as Hoof aangestel oor alle owerhede en magte.
b. As Hoof van die kosmos is Hy ook Hoof van die gemeente.

*Die verkondiging van die koninkryk*

In die verskillende sendingopdragte van die Evangelies kry die kerk van Christus die opdrag om die koninkryk van God te verkondig. Dit behels die volgende sake:

a. Christus as enigste Koning en Verlosser te verkondig
b. Christus as Hoof van die kosmos en Hoof van die kerk te verkondig (Matt.28:16)
c. Die heerskappy van Christus deur die Heilige Gees in die individu se lewe te verkondig

*Die koninkryk in die belydenisskrifte*

Die gereformeerde belydenisskrif gebruik ook die term koninkryk, en in die Heidelbergse Kategismus, word dit in vraag en antwoord 123 spesifiek verder uitgewerk:

> "Vraag: Wat is die tweede bede ? Antwoord: Laat *u koninkryk* kom. Dit is: Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp (Ps.143:10; 119:5; Matt.6:33). Bewaar u kerk en laat dit groei (Ps.51:20; 122:6). Vernietig die werke van die duiwel, elke mag wat teen U opstaan, en alle kwaadwillige planne wat teen u heilige Woord bedink word (1 Joh.3:8; Rom.16:20), totdat die volkomenheid van u ryk kom (Op.22:20; Rom.8:22, 23), waarin U alles in almal sal wees (1 Kor.15:28)." – HK, v&a 123

Uit hierdie antwoord blyk drie sake duidelik:

- die huidige werklikheid van die koninkryk van God ("Regeer ons so deur u Woord en Gees" "Bewaar" ),
- dat dit 'n voorturende koms is wat aanhou ("hoe langer hoe meer"; "laat dit groei"; "Vernietig"), en,
- dat dit afstuur op 'n tyd waarin die koninkryk volkome sal wees ("totdat ...").

In vrae 82 – 87 word die nagmaal en die kerklike tug spesifiek behandel in die konteks van die koninkryk. Hieruit kan afgelei word dat die reformators 'n baie noue band gesien het tussen die koninkryk en die kerk. Vandag bestaan juis die groot gevaar dat die kerk verdwyn in sekere koninkryksbeskouings in die kerke vandag (Snyder, 1981). Daarom het gereformeerde teoloë al baiemaal daarop gewys dat die noue wesentlike band tussen verbond, koninkryk en kerk gehandhaaf moet word, soos dit in ons belydenisskrifte weerspieël word (Faber, 1990).

*Die koninkryk in die teologie*
In die teologie is daar al baie gepubliseer oor die koninkryk van God. Hier word egter volstaan met Coetzee (1995: 46) se definisie oftewel samevattende verklaring van die begrip:

> Saamgevat dus bevestig die Evangeliese getuienis dat die *basileia tou theou* en *die basileia ton ouranon* primêr dinamiese begrippe is waarin dit gaan om die bevestiging en handhawing van God se koninklike, priesterlike en regterlike heerskappy oor sy geskape mensheid en wêreld wat sig in hierdie eeue nog realiseer in sy verloste mensheid, dit wil sê in sy kerk. Die gewaarborgde belofte is egter die koms van die Dag van die Here (die jom JHWH) wanneer God in Christus ALLES NUUT SAL MAAK, wanneer Hy in die nuwe hemel en op die nuwe aarde, waarop die nuwe, verloste mensheid sal woon, alles sal wees in almal."

*Die 'reeds' en die 'nog nie'*
In bogenoemde samevatting van Coetzee, asook die HK, So.48, is die 'reeds' maar 'nog nie' van die koninkryk van God vervat.
- In Christus het die koninkryk **naby** gekom deur die geskiedenis: "Die tyd is vervul en die koninkryk van God het **naby** gekom; bekeer julle en glo die evangelie." – Mark.1:15 (kontra die dogmatistiese koninkryksiening)

- In Christus het dit **reeds** gekom in die wêreld: "En toe Jesus die asyn geneem het, sê Hy: **Dit is volbring!** En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee." – Joh 19:30 (kontra die bo-aardse / bo-historiese koninkryksiening)

- In Christus **sal** dit kom: "... daarna die wat aan Christus behoort **by sy koms**. Daarna kom die einde, **wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee**, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het. Want Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het." – 1 Kor.15:23-25 (kontra die nuwe wêreld / utopiese koninkryksiening)

Snyman (1977: 183) stel die 'reeds' maar 'nog nie' aspek van die koninkryk van God as volg:

> Aangaande die Koninkryk het Jesus gepredik dat dit gekom het (Matt.11:4; 12:28; Luk.7:22); dat dit nog sal kom (Matt.25:31-46; Mark.24:27; Luk.22:18) en van 'n tyd tussen koms en koms (sien die gelykenisse van Matt.13; Mark.4; Luk.8; sien ook Hand.1:6; Luk.17:24).

Die koms van die Koninkryk is 'n deurlopende lyn, 'n samehang van die koninkryk het gekom in die Persoon en werk van Christus op aarde; die Koninkryk sal finaal kom in sy wederkoms, maar dan ook in die periode wat dit skei (die 'reeds' maar 'nog nie'), in die dood en opstanding van Christus (Snyman, 1977: 178). Dit is belangrik om by te noem dat die 'naby' nie 'n tydsberip is nie, maar in die relasionele sin van die woord verstaan moet word, nl. Hy is nou naby en daarom moet jy gereed wees as Hy kom. Die tyd is naby sê: dit is nou die tyd om jou te bekeer! (sien Mark.1:14,15).

Snyman (1977: 191) sit die koms van die Koninkryk ook treffend in grammatiese terme:

> Die koms van die Koninkryk val uiteen in 'n perfektum en 'n futurum, verbind deur 'n duratiewe praesens. Met die toekoms het ook 'n stuk indikatief futurum in indikatief perfektum geword wat die imperatief praesens dra.

Floor (1981) wys ook op die volgende belangrike aspekte van die koninkryk van God:
a. Die karakter van die koninkryk van God vloei uit die Ou Testament.
b. Die persoonlike karakter van die koninkryk.
c. Die Woord-karakter van die koninkryk.
d. Die geestelike karakter van die koninkryk.
e. Die kerklike karakter van die koninkryk.
f. Die sosiale karakter van die koninkryk.

**Koninkryk en verbond**

In Floor se werk kan reeds die nou verband tussen die NT (wat veral die Koninkryksmotief beklemtoon) en die OT (wat die Verbondsmotief beklemtoon) raakgesien. Snyman (1977: 233) wys die noue band as volg aan:

> Die met ons *in Christus* verwante begrip, *Christus in ons*, moet ook in die eerste plek openbaringshistories verstaan word in die sin, dat dit histories eenmaal plaasgevind het op die bepaalde tyd (Hand.2:1), na en as vrug van wat met Christus gebeur het, in die uitstorting van die Heilige Gees, en *tweedens* as vervulling van die Belofte van die nuwe verbond, wat in die ou verbond in vooruitsig gestel is (Jer. 31: 31-34; Eseg. 36: 25 -27) en ook as vervulling van die ander groot gedagte van die Ou Testament, naamlik die inwoning van God onder sy volk in die tempel. Die noue betrekking in die Nuwe Testament is dat God nie net onder sy volk woon nie en selfs ook nie net onder sy volk in Christus kom woon het nie (Matt. 1: 23; Joh. 1: 14; vgl. Luk. 17: 21), maar dat sy volk nou self sy tempel is, in sy geheel (Ef. 2: 22) en elkeen afsonderlik (1 Kor. 6: 19) en ook die liggaam van Christus (Rom. 12 : 4; 1 Kor. 2 : 12 e.v.;Ef. 1: 23, ens.).

Dit is baie belangrik om die verhouding tussen verbond en koninkryk vasgehou word omdat daar deur die geskiedenis allerlei verkeerde of eensydige sienings ontstaan het oor die Koninkryk. Dit is skrywer se mening dat een van die hoofredes daarvoor juis is omdat die koninkryk en verbond losgemaak word van mekaar of teenoor mekaar gestel word. Snyder (1991) wys op die volgende modelle wat al voorgestel is aangaande die koninkryk:

a. as 'n toekomstige hoop
b. 'n innerlike geestelike hoop
c. 'n mistiese gemeenskap
d. die institusionele kerk
e. 'n antitetiese sisteem
f. 'n politieke staat
g. 'n gekerstende samelewing, en
h. 'n aardse utopia

Die Koninkryk behels hierdie aspekte maar kan nie daartoe gereduseer of verabsoluteer word nie. Die Koninkryk is in sy wese Geestelik van aard wat konkrete aspekte tot gevolg het. Jesus Christus is en moet sentraal staan in ons koninkryksbeskouing, in alle aspekte daarvan. Hy is die Koning van die Koninkryk van God, wat ook die vervulling is van die Koninkryk. Die Koninkryk behels:

- in die eerste plek 'n *daad*, nl. Jesus se Koningskap,
- tweedens 'n *terrein*, nl. die gebied waaroor en waarin sy heerskappy uitgeoefen word, en
- derdens, die inhoud, nl. dit wat in hierdie heerskappyoefening in die magsgebied gebeur en ontvang word, deur die Koninkryk.

Die OT teokrasie, die koninkryk van Israel was 'n tipologie en heenwysing na die heerskappy van Jesus Christus, wat dan ook die Verbondshoof is van sy Kerk. In die OT vind ons die noue band tussen koninkryk en verbond in die koningskap van Dawid en Salomo. Daarvan lees ons spesifiek in 2 Samuel 7 en Ps.89,

> 12 As jou dae vol is en jy met jou vaders ontslaap het, sal Ek jou nakomeling wat uit jou liggaam sal voortkom, laat optree en sy koningskap bevestig. 13 Hy sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koninklike troon bevestig tot in ewigheid. – 2 Sam.7

> 29 Vir ewig sal Ek my goedertierenheid vir hom bewaar, en my verbond bly vir hom vas. 30 En Ek sal sy nageslag vir ewig laat duur en sy troon soos die dae van die hemel. 31 As sy kinders my wet verlaat en in my regte nie wandel nie; 32 as hulle my insettinge ontheilig en my gebooie nie hou nie, 33 dan sal Ek hulle oortreding met die roede besoek en met plae hulle ongeregtigheid. 34 Maar my goedertierenheid sal Ek van hom nie wegneem en my trou nie verbreek nie. 35 Ek sal my verbond nie ontheilig nie, en wat oor my lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie. 36 Een

maal het Ek gesweer by my heiligheid: Waarlik, Ek sal vir Dawid nie lieg nie! [37] Sy nageslag sal vir ewig wees en sy troon soos die son voor My. – Ps.89

Die koninkryk van Israel was altyd onvolmaak en het heengewys na die volmaakte wat moes kom in Christus. Deur Israel se geskiedenis is daar 'n deurlopende lyn van verbondsafval en dan tref God se verbondstrawwe. Telkens lees ons egter dat God se verbond, sy belofte aan Abraham, Isak en Jakob telkens die OT koninkryk van totale vernietiging gered het.

In God se verbond sweer Hy trou aan sy beloftes van 'n koninklike nageslag aan Dawid, wat natuurlik finaal en ewige vervul is in Jesus Christus, as die finale Koning en Hoof van die Koninkryk:

"[30] En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind. [31] En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem. [32] Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, [33] en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie." – Luk.1

Die bevestiging en handhawing van die Koninkryk van God het sy bevestiging en handhawing gevind in die koms en werk van Jesus Christus, met die hoogtepunt in die sterwe aan die kruis en opstanding en hemelvaart.

Die verhouding tussen verbond en koninkryk kan in die volgende punte saamgevat word (Hanko, 1988: 217-222):

*1. Die Hoof van die Verbond is ook die Koning van die Koninkryk.*
In Joh.3 word daar deur Christus gewys dat alleen deur wedergeboorte 'n mens die koninkryk van God kan ingaan. Aan wie word die wedergeboorte anders geskenk as aan al die kinders van die belofte onder alle volke, tale en nasies ? Dit is die verbondelinge, die kerk van Christus wat deel van die genadeverbond is. Dus, om deel van die genadeverbond te wees is om deel van die koninkryk van God te wees. Dit is die 'koninkryk van die hemel'.

*2. Die koninkryk en die verbond word saam ten volle vervul met die wederkoms:*

[24] Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het. [25] Want Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het. – 1 Kor.15

[15] EN die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid. – Op.11

EN ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie. [2] En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is. [3] En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. – Op.21

Christus as Koning sal met die wederkoms sy laaste vyande konkreet onderwerp en deel van daardie finale koms van die Koninkryk is juis die hoogtepunt en finale vervulling van die 'kern van die verbond':

"die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God."

Laagenoemde dui ook daarop dat die verbond nie maar bloot 'n middel tot 'n doel is nie (soos blyk in die VVB) maar die doel opsigself (soos gehandhaaf in die OVB): Imannuel, God met ons!

Hoeksema (2004: 454) beskryf die verskil as volg:

> … when the idea of a covenant is not understood as being a contract or an agreement, but is conceived as being a living, spontaneous relation and communion of friendship that is given with the very nature and relation of God and man in the covenant. The covenant is not an incidental relation, but belongs to the very essence of the relation in the covenant. In close connection with this presentation of the idea of the covenant, the conception of the covenant of redemption must also be altered so that this covenant is not conceived as a means to an end, as a way unto salvation, *but as the very end itself*, as the very highest that can ever be reached by the creature: not as a way to life, but as the highest form of life itself; not as a condition, but as the very essence of relil[ion; not as a means unto salvation, but as the highest bliss itself. Then the counsel of peace is presented as the decree that dominates all other decrees of God concerning the ultimate end of all things as God has conceived it in his counsel.

Hoeksema begrond dit dan ook op die feit dat die Drieënige God 'n verbondsmatige God in sy wese is en dat die genadeverbond wat in die geskiedenis geopenbaar word dit weerspieël (2004: 455), en daarom is die verbond nie iets wat net vir die tyd en geskiedenis geld nie.

*3. Dit is die Koning van die Koninkryk wat die Verbond onvoorwaardelik handhaaf*

In Ps.89:19-37 antwoord Dawid op die openbaring van God dat nie hy nie maar sy seun, Salomo, die tempel sal bou (2 Sam.7:12-16). Histories is hierdie profesieë in die lewe van Salomo gedeeltelik vervul. Salomo en die konings wat gevolg het, het egter telkemale die verbond verbreek en weggedwaal van God, en daarom verwys Ps.89 ook finaal na Christus wat die verbond volmaak sal onderhou. God se belofte bly in stand tot in ewigheid: "[34] Maar my goedertierenheid sal Ek van hom nie wegneem en my trou nie verbreek nie."

In Ps.89 is die klem opnuut daarop dat God nie net eensydig die verbond opgerig het nie, maar ook onderhou in Christus. Salomo en sy nageslag het die verbond baiemaal verbreek en sodoende die verbondstraf van God ontvang, maar God hou die verbond in stand vir sy verbondskinders in Christus.

Deur Christus se kruisdood het Hy vir sy onderdane, sy bondelinge gesterwe en vir hulle die volmaakte hemelse koninkryk daargestel met ewige gemeenskap met God daarin. Die belofte aan Abraham, Isak en Jakob, van 'n land en 'n nageslag, die belofte aan Dawid van 'n ewige koningskap en koninkryk is in Christus vervul wat beide die Koninkryk en nageslag daarstel.

Die kinders van die verbond en die burgers van die koninkryk is die erfgename van al God se beloftes in Christus, en aan hulle en hulle alleen kom die belofte en troos van Op.21:3,4 toe:

> [3] En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. [4] En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.

En in die volmaakte koninkryk sal die bondelinge, die uitverkorenes van God ook hul kant van die verbond volmaak kan uitvoer: om God te loof en te prys. Al die eer gaan aan Hom. Ons totale verlossing is deur sy soewereine genade. Hy bring die Koninkryk. Hy doen alles eensydig onvoorwaardelik ... genadig, want: "... uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid ..." ja, ook die hele Verbond. Amen (Rom.11:36).

## 8. Konklusie

Op grond van die OVB kan die Gereformeerde Kerke Psalm 105:5 met vrymoedigheid sing,

Die HEER wat van geen wankel weet nie,
Sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag
tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind,
Bevestig Hy van kind tot kind.

Soos aangedui in die inleiding, staan God wat trou is en bly aan sy ewige verbond soos Hy dit van geslag tot geslag deur die eeue bevestig, sentraal. Die woorde 'sy vrind', wys op die intieme persoonlike band van vriendskap tussen God en hulle wie Hy uitverkies het in Jesus Christus as hul Here.

Hierdie lyn van vriendskap van God se bondelinge wat met Hom wandel deur die Gees en Woord word regdeur die Skrif gevind:

> 4 Het jy My nie nou eers aangeroep nie: My Vader, *die vertroude Vriend* van my jeug is U! – Jer.3
>
> 23 En die Skrif is vervul wat sê: En Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken, *en hy is 'n vriend van God genoem*. – Jak.2[8]

Die gelowige staan in 'n noue vriendskapsband met hul God en Vader deur Christus in die krag van die Gees, en aanbid nie 'n Kontraktegod deur middel van allerlei voorwaardes nie.

Dit is wat die verbond is: 'n ewige band van vriendskap tussen God en sy kinders in Christus onse Here, onvoorwaardelik, genadig, soewerein, vir ewig.

---

[8] Sien ook Gen.5:22; 6:8,13; 9:9; 18:17; Ex.33:11; 2 Kron.20:6,7; Jes.41:8; Joh.15:14-16; 17:3,23; 2 Kor.6:16; Op.21:3; 22:4.

## 9. Bibliografie


BROWN, C. red. 2001. New International Dictionary of New Testament Theology. Grand Rapids: Zondervan. [CD-ROM]

BYBEL. 1953. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en die Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Bybelgenootskap Van Suid–Afrika.

COETZEE, J.C. 1995. Die Koninkryk van God.

ENGELSMA, D.J. 2004. Covenant Universalism. Standard Bearer, vol.80, nr.17.

GEISLER, N.L. 1980. Inerrancy. Grand Rapids: Academie Books.

HANKO, H. 1988. God's Everlasting Covenant of Grace. Grand Rapids, MI: RFPA.

HANKO, H. 2000. For Thy Truth's Sake. A Doctrinal History of the Protestant Reformed Churches. Grandville, MI: RFPA.

HARBACH, R.C. 1986. Studies in the Book of Genesis. Grandville: Grandville Protestant Reformed Church.

HOEKSEMA, H. 1985. Reformed Dogmatics. Grand Rapids, MI: RFPA.

HOEKSEMA, H. 2004. Reformed Dogmatics (second edition), volume 1. Grandville, MI: RFPA.

KITTEL, G. & FRIEDERICH, G., red. The Theological Dictionary of the New Testament, Abridged in One Volume. 1985. Logos Library System. [CD-ROM.]

FABER, J. 1990. Essays in Reformed Doctrine. Winnipeg: Premier Printing.

FRANCKE, J. 1987. Lichtende Verbintenissen. Gods Verbonden met Mensen. Kampen: Uitgeverij van den Berg.

LOGOS Information Systems. NG Kerk Uitgewers: Belydenisskrifte, Kaapstad, [Online] Available: Logos Library System.

ROBERTSON, O.P. 1990. The Books of Nahum, Habakkuk and Zephaniah. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

ROSSOUW, A.J. 2005. Die betekenis van באמונתו binne die konteks van Habakuk 2:4. Ongepubliseerde werkstuk vir SEMT311.

SNYDER, H.A. 1991. Models of the Kingdom. Nashville: Abdingdon Press.

SNYMAN, PC. (red.). 1969. 'n Lig vir die Volke. Potchefstroom: Pro Rege-Pers.

SNYMAN, P.C. (red.). 1977. Nuwe en Ou Dinge. Potchefstroom: Pro Rege.

TORRANCE, J.B. 1970. Covenant or Contract ? A Study of the Theological Background of Worship in the Seventeenth-Century Scotland. Scottish Journal of Theology 23, nr.1

VAN GENDEREN, J. 1992. Verbond en Uitverkiezing. Kampen: Kok.

WENTSEL, B. 1981. Dogmatiek, deel 3a. Kampen: Kok.

## <u>Bylaag 1</u>: Die verbond in die belydenisskrifte

Ons lees op die volgende plekke van die verbond in die belydenisskrifte:
i. NGB artikel 34
ii. HK v/a 68, 74, 82, 101
iii. DL 1.17; 2:8; 2.V2; 2.V4; 2.V5; 5.V1

Hierdie belydenisskrifte moet in sy geheel saamgelees en verstaan word. Netsoos Skrif met Skrif vergelyk moet word, netso moet belydenis met belydenis vergelyk word.

Voorstaanders van die VVB lê baie klem op veral HK v/a 74 waar ons bely "Vraag 74: Moet die jong kinders ook gedoop word ? Antwoord: Ja, aangesien hulle net soos die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is."

Hieruit word dan afgelei dat alle kinders van gelowiges (kop-vir-kop) dus (verbonds)outomaties deur die bediening van die doop almal verbondskinders is.

Beteken dit dan nou dat elke gedoopte kind kop-vir-kop 'in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is' ? Nee, die die klem in hierdie v/a lê op die woorde 'net soos'. Die frase wat direk daarop volg verduidelik dit reeds wat met hierdie uitspraak bedoel word: "Ook aan hulle word nie minder as aan die volwassenes nie deur die bloed van Christus die verlossing van sondes en die Heilige Gees, wat die geloof werk, belowe."

Wat die Kategismus hier wil beklemtoon is dat die gemeente, die verbondelinge, die kerk van Christus nie net uit 'n groep 'volwassenes' bestaan nie, maar ook uit 'kinders'. Dit is goeie organiese verbondstaal.[9] Dit is hoe die Skrif te werk gaan, en ons belydenisskrifte volg dit na.

As NGB artikel 34 gelees word, dan kom dit nog duideliker na vore waarom ons belydenis hierdie taal gebruik:

> Daarom verwerp ons die dwaling van die Wederdopers, wat nie tevrede is met die een doop wat hulle een maal ontvang het nie, en wat bowendien ook nog die doop van gelowiges se kindertjies veroordeel. Ons glo daarenteen dat ons hulle behoort te doop en met die teken van die verbond te beseël, net soos die kindertjies in Israel kragtens dieselfde belofte besny is as wat aan ons kinders gemaak is. *En, waarlik, Christus het sy bloed nie minder vir die reiniging van die gelowiges se kindertjies as vir die volwassenes vergiet nie.* Daarom behoort hulle die teken en die sakrament te ontvang van wat Christus vir hulle gedoen het, soos die Here in die wet beveel het ...[10]

Juis in antwoord teen die Wederdopers het die reformatore dit gestel dat God sy uitverkore kinders het nie net onder volwassenes nie, maar ook onder kinders. Daarom moet die teken van die verbond ook aan hulle beseël word. Teenoor die Wederdopers wat die kerk beperk het tot volwassenes, bely die reformatore die verbondsmatigheid van die kerk, dat die kerk uit ou en jongmense, insluitende kinders bestaan.

As bogenoemde uitsprake in ons belydenis beteken dat Christus sy bloed vir 'al' die kinders (kop-vir-kop) gestort het en hul almal dus die belofte ontvang en deel van die kerk is, dan beteken dit dat Christus se bloed ook vir 'al' die volwassenes (kop-vir-kop) gestort is en almal ook die belofte ontvang en deel van die kerk is. Dit bring ons dan by universiële versoening en verlossing deur Christus, in die lyn van Rome, die neo-ortodoksie en die arminiaanse teologie.

---

[9] Sien Hanko (2000: 367-375) vir 'n deeglike uiteensetting aangaande die organiese karakter van die verbond.
[10] Kursief bygevoeg.

Laasgenoemde word veral deur die DL verwerp as in stryd met die Skrif en belydenis. Sommige teoloë probeer 'n wig indryf tussen Dordt en die ander twee belydenisskrifte, maar Dordt het juis die NGB en die HK verdedig teenoor die Arminiaanse dwalinge.

Die DL is baie duidelik daaroor dat die verbond van God onvoorwaardelik is. Die term 'voorwaardelik' is al deur gereformeerde teoloë gebruik om te bedoel dat die gelowige 'verbondspligte' het en 'verbondsgehoorsaam' moet wees, wat nie 'n probleem is nie. Die Arminiane en ongelukkig sekere gereformeerde teoloë in die 20ste eeu het die term egter anders gebruik, om te bedoel dat sekere voorwaardes van die mens se kant in die verbond vervul moet word om sodoende die beloftes van die verbond te ontvang, nl. vergifnis van sonde, die Heilige Gees en die ewige lewe.

Die DL staan egter afwysend teenoor beide die term en inhoud van 'voorwaarde' asook dat die 'belofte van redding en verlossing' vir alle mense is.

In DL 2.8 staan daar die duidelikste uitdrukking vir wie Christus se bloed gestort is in die nuwe verbond:

> Dit was immers die volkome vrye raadsbesluit, genadige wil en voorneme van God die Vader dat die lewendmakende en saligmakende krag van die uiters kosbare dood van sy Seun *al die uitverkorenes tot voordeel sal strek*. So het God slegs aan die uitverkorenes die regverdigende geloof geskenk om hulle daardeur onfeilbaar salig te maak. Dit wil sê: *Dit was die wil van God dat Christus deur die bloed van die kruis—waarmee Hy die nuwe verbond bevestig het—uit elke stam, volk, geslag en taal hulle en hulle alleen kragdadiglik sal verlos wat van ewigheid af tot die saligheid uitverkies en deur die Vader aan Hom gegee is.* Ook was dit die wil van God dat Christus aan hulle geloof sal gee wat Hy, soos ook die ander saligmakende gawes van die Heilige Gees, deur sy dood vir hulle verwerf het. Verder dat Hy hulle van al hulle sondes—sowel die erfsonde as die werklike sonde wat na en voor die geloof begaan is—deur sy bloed sal reinig. Ten slotte dat Hy hulle tot die einde toe getrou sal bewaar en uiteindelik sonder enige vlek of rimpel in heerlikheid by Hom sal neem.[11]

In lyn met Christus se uitspraak in Matt.26:28 word hier bely dat die bloed van Christus in die nuwe verbond vir 'baie' (πολύς) uitgestort is en nie vir 'almal' nie. Die 'baie' is die 'wat van ewigheid af tot die saligheid uitverkies en deur die Vader aan Hom gegee is ...uit elke stam, volk, geslag en taal' . En dan voeg die DL uitdruklik by 'en aan hulle alleen' Hier vind ons ook die Skrif se organiese verbondstaal 'uit elke stam, volk, geslag en taal' wat ook vir die behandeling van ons probleemstelling dan beteken dat die uitverkorenes versamel word nie net uit volwassenes nie maar ook uit kinders. D.w.s nie alle volwassenes en alle kinders nie, maar alle uitverkore volwassenes en kinders is deel van God se genadeverbond.

Omdat die mens nie kan en mag oordeel oor die harte en onderskei tussen uitverkorene en nie-uitverkorene nie, daarom word die verbonds*teken* aan alle kinders van gelowiges bedien, kop-vir-kop, o.g.v. God se bevel en omdat God juis sy uitverkore volk, sy kerk versamel deur die geslagte op 'n organiese verbondsmatige wyse. Die ware kerk word voortgesit in die gelowiges, die uitverkorenes: "In die gelowiges bestaan die gesinne voort ... Die gemeenskap word gered in die kerk, nie individue nie." (Snyman, 1969: 11-34).

Met die bediening van die doop aan alle kinders van gelowiges bely ons dus nie dat alle kinders wat gedoop word kinders van die belofte en deel van die genadeverbond is nie (Rom.9:6-8), want dit is wat Rome en die Arminiane leer, soos ons dit verwerp in DL 2.V2, 4 en 5,

> Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Dit was nie die doel van die dood van Christus om die nuwe verbond van die genade *werklik deur sy bloed te bevestig nie*. Dit was eenvoudig maar om vir die Vader die reg te verwerf om opnuut met die mense 'n verbond van die genade of van die werke, net soos Hy wil, te kan sluit. Die Sinode leer: Dit is immers in stryd

---

[11] Kursief bygevoeg.

met die Skrif, wat leer dat Christus Borg en Middelaar geword het van 'n beter, dit wil sê, van die nuwe verbond (Heb. 7:22) en dat 'n testament eers by 'n sterfgeval geldig is (Heb. 9:15, 17).

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: God die Vader het 'n nuwe genadeverbond met die mense deur die tussenkoms van die dood van Christus gesluit. Hierdie verbond bestaan nie daarin dat ons deur ons geloof, vir sover dit die verdienste van Christus aanneem, voor God regverdig en salig gemaak word nie. Dit bestaan daarin dat God, nadat Hy die eis van die volmaakte gehoorsaamheid van die Wet afgeskaf het, *nou die geloof self en die onvolmaakte geloofsgehoorsaamheid as volmaakte gehoorsaamheid aan die Wet beskou* en dit dan uit genade waardig ag om dit met die ewige lewe te beloon. Die Sinode leer: Hierdie mense weerspreek die Skrif: Hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof (Rom. 3:24–25). Met die goddelose Socinus voer hulle 'n nuwe en vreemde leer oor die regverdiging van die mens voor God in. Dit is in stryd met die eenstemmige belydenis van die hele kerk.

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: *Alle mense* is in die staat van die versoening en in die genade van die verbond opgeneem, sodat niemand vanweë die erfsonde aan die verdoemenis skuldig is of verdoem moet word nie maar dat alle mense van hierdie sondeskuld vry is. Die Sinode leer: Hierdie mening is in stryd met die Skrif, wat verklaar dat ons van nature kinders van die toorn is (Ef. 2:3).

Die DL se verwerping van enige 'voorwaardelike' aspek van die redding in Christus en die genadeverbond word in die volgende uitsprake ondubbelsinnig en duidelik verwerp:

Daarom verwerp die Sinode die dwaling van hulle wat leer: Die volharding van die ware gelowiges is nie 'n vrug van die uitverkiesing of 'n gawe van God wat deur die dood van Christus verwerf is nie. *Dit is 'n voorwaarde (soos hulle dit sê) van die nuwe verbond wat die mens, voor sy finale uitverkiesing en regverdiging deur sy vrye wil moet volbring.* Die Sinode leer: Die Heilige Skrif getuig immers dat die volharding die vrug van die uitverkiesing is en dat dit deur die krag van die dood, die opstanding en die voorbidding van Christus *aan die uitverkorenes* gegee word: Die uitverkorenes het dit verkry en die ander is verhard (Rom. 11:7); Ook Rom. 8:32–35: Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie ? Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God ? God is dit wat regverdig maak. Wie is dit wat veroordeel ? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree. Wie sal ons skei van die liefde van Christus ? – 5.V1

... Die oorsaak van hierdie genadige uitverkiesing is inderdaad slegs die welbehae van God. Dit bestaan nie daarin dat Hy uit alle moontlikhede *sekere menslike hoedanighede of dade as 'n voorwaarde vir die saligheid* uitgekies het nie. Dit bestaan wel hierin dat Hy sekere, bepaalde mense uit die hele menigte van sondaars as sy eiendom aangeneem het. Soos geskrywe is: Toe kindrs nog nie gebore was en nog geen goed of kwaad gedoen het nie..., is vir haar (nl. Rebekka) gesê: Die oudste sal die jongste dien. Soos geskrywe is: Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat (Rom. 9:11–13); en: Daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe (Hand. 13:48). – 1.10

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die uitverkiesing van God tot die ewige lewe is veelsoortig: die een is algemeen en onbepaald, die ander is besonder en bepaald. Laasgenoemde val weer in twee dele uiteen: Dit is óf onvolkome, herroeplike, nie-beslissende en *voorwaardelike* uitverkiesing, óf 'n volkome, onherroeplike en volstrekte uitverkiesing. Verder: Daar is een uitverkiesing tot die geloof en 'n ander tot die saligheid, dit wil sê daar kan 'n uitverkiesing tot die regverdigmakende geloof wees sonder dat daar 'n beslissende uitverkiesing tot die saligheid hoef te wees. Die Sinode leer: Dit is 'n versinsel van die menslike verstand wat buite die Skrif om uitgedink is. Dit vernietig die leer van die uitverkiesing en verbreek hierdie goue ketting van ons saligheid: Die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en

die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik (Rom. 8:30). – 1.V2

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die welbehae en voorneme van God, waarvan die Skrif in die leer van die uitverkiesing melding maak, bestaan nie daarin dat God sekere bepaalde mense bo ander uitverkies het nie. Dit bestaan daarin dat God *uit alle moontlike voorwaardes—soos byvoorbeeld die werke van die wet—of uit die orde van alle dinge die wesenlike onverdienstelike daad van die geloof* en die onvolmaakte gehoorsaamheid daaraan tot 'n voorwaarde vir die saligheid uitverkies het. Dit sou Hy dan genadiglik as 'n volkome gehoorsaamheid wou reken en dit waardig wou ag om met die ewige lewe te beloon. Die Sinode leer: Hierdie skadelike dwaling maak die welbehae van God en die verdienste van Christus kragteloos. Terselfdertyd word die mense deur nuttelose vrae van die waarheid van die genadiglike regverdigmaking en van die eenvoud van die Skrif weggelei. Daarmee word hierdie uitspraak van die apostel as onwaar bestempel: God het ons geroep met 'n heilige roeping, nie volgens ons werke nie, maar volgens sy eie voorneme en genade wat ons van ewigheid af in Christus geskenk is (2 Tim. 1:9). – 1V.3

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: *Die voorwaarde wat vir die uitverkiesing tot die geloof vereis word*, is dat 'n mens die lig van die natuur reg moet gebruik en vroom, klein, nederig en geskik vir die ewige lewe moet wees—asof die uitverkiesing in enige opsig van hierdie dinge sou afhang. Die Sinode leer: Dit klink na Pelagius en is in stryd met die leer van die apostel waar hy skrywe: Ons het vroeër gewandel in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander. Maar God wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus—uit genade is julle gered—en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus, sodat Hy in die eeue wat kom, kan betoon die uitnemende rykdom van sy genade in goedertierenheid oor ons in Christus Jesus. Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die genade van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie (Ef. 2:3–9). – 1.V4

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die onvolkome en nie-beslissende uitverkiesing van spesifieke mense tot saligheid het tot stand gekom uit die vooruitgesiene geloof, bekering, heiligheid en vroomheid, wat óf net begin het óf al 'n tyd lank geduur het. Die volkome en beslissende uitverkiesing het egter tot stand gekom uit die volharding in die vooruitgesiene geloof, in bekering, heiligheid en vroomheid tot die einde toe. Dit is die waarde van die genade en die evangelie waarvolgens hy wat uitverkies word, waardiger is as hy wat nie uitverkies word nie. *Die geloof, geloofsgehoorsaamheid, heiligheid, vroomheid en volharding is dus nie vrugte of gevolge van die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid nie maar* ***noodsaaklike voorwaardes*** *daarvoor en oorsake daarvan.* In die geval van uitverkorenes is dit vooraf vereis en vooruitgesien asof hulle dit reeds volbring het. Die Sinode leer: Dit is in stryd met die hele Skrif, wat hierdie en dergelike uitsprake telkens weer in ons ore en harte inskerp: Die uitverkiesing is nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep (Rom. 9:1). Daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe (Hand. 13:48). Hy het ons uitverkies ... om heilig ... te wees (Ef. 1:4). Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies (Joh. 15:16). As dit deur genade is, is dit nie meer uit die werke nie (Rom. 11:6). Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het (1 Joh. 4:10). – 1.V5

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Daar is in hierdie lewe geen vrug, geen besef en geen sekerheid van die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid nie, *behalwe dié wat van 'n veranderlike en onsekere voorwaarde afhang*. Die Sinode leer: Nie alleen is dit ongerymd om te beweer dat daar 'n onsekere sekerheid is nie, maar dit stry ook met die ervaring van die heiliges. Uit die besef van hulle uitverkiesing verheug die heiliges hulle saam met die apostels en roem hulle in hierdie weldaad van God (Ef. 1). In gehoorsaamheid aan Christus verbly hulle hulle saam met die dissipels dat hulle name in die hemel opgeskrywe is (Luk. 10:20). Ook stel hulle die besef van hulle uitverkiesing teenoor die vure pyle van die aanvalle van die duiwel, terwyl hulle vra: Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God ? (Rom. 8:33). -1.V7

> Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Christus het deur sy voldoening vir niemand met sekerheid die saligheid verdien nie; ook nie die geloof waardeur hierdie voldoening van Christus kragdadig tot saligheid toegeëien word nie. Hy het, daarenteen slegs die mag, of die volkome wil vir die Vader verwerf *om opnuut met die mense te handel en om nuwe voorwaardes*, soos Hy wil, voor te skrywe. Die uitvoering daarvan sou van die vrye wil van die mens afhang. Dit sou dus kon gebeur dat óf niemand óf alle mense dit sou vervul. Die Sinode leer: Hierdie mense minag die dood van Christus geheel en al en aanvaar op geen wyse die vernaamste vrug of weldaad wat daardeur verkry is nie. Hulle roep weer die dwaling van Pelagius uit die hel terug. – 2.V3

Ten einde is nie net die verbond op die spel nie, maar ook kerkbeskouing. As elke kind en elke volwassene wat die doop ontvang deel is van die verbond en kerk, dan is die belydenis oor die kerk in NGB art.29 verkeerd, wat sê: "Ons praat hier nie van die huigelaars wat in die kerk met die goeies vermeng is en tog nie aan die kerk behoort nie alhoewel hulle uiterlik daarin is", en eindig ons weer by Rome wat deur die doop almal deel van die kerk van Christus maak.

In die Nederlandse Geloofsbelydenis, by artikel 27 en 28 bely ons as volg wie die kerk is:

> Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene kerk, 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees. Hierdie kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal daar tot die einde wees, want Christus is 'n ewige Koning, wat nooit sonder onderdane kan wees nie. ... Ons glo—aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van hulle wat verlos word.

In die Heidelbergse Kategismus, in vraag en antwoord 54 bely ons as volg oor die 'heilige algemene Christelike kerk':

> Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly.

In hierdie belydeniskrifte word die volgende aspekte bevestig:

- die kerk en sy lede staan vas volgens God se uitverkiesing
- die kerk word in die geskiedenis vergader deur die Gees en Woord (onder alle volke deur die geslagte)
- Christus sal Sy kerk altyd in stand hou.
- God se beloftes staan vas in en deur Christus.

Die kerk as die liggaam van Christus, is 'n organiese geheel, van wie die lede voor die grondlegging van die wêreld uitverkies is, en deur die Seun van God deur sy Gees en Woord deur al die eeue uit al die nasies van die wêreld vergader word,[12] en haarself manifesteer op die aarde in die vergadering van die gelowiges en hul nageslag.[13]

Uit die bestudering van die verbond in die belydenis is die konklusie ook dat die verbond nie voorwaardelik is nie maar onvoorwaardelik. Die reformatore het die onvoorwaardelike uitverkiesingsleer en onvoorwaardelike verbondsleer gehandhaaf teenoor beide Rome en die Arminiaanse Anabaptiste.

---

[12] Onder beide volwassenes en kinders.

[13] Dus: onder beide volwassenes en kinders. Sien Herman Hoeksema, *Reformed Dogmatics* (Grand Rapids, MI: RFPA, 1985)

By voorstaanders van die VVB is daar dikwels die misverstand dat die beperking van die belofte tot die uitverkorenes beteken dat slegs aan hulle en nie aan almal die Evangelie *verkondig* moet word nie. Dit is natuurlik 'n valse aanleiding, eerstens, omdat dit onmoontlik is om net aan die uitverkorenes die belofte verkondig, aangesien ons nie in die harte kan kyk nie en ook nie oor die harte mag oordeel nie, en, tweedens, omdat ons wel die Evangelie aan alle mense moet bring met die oproep tot geloof en bekering in die Christus. Die feit dat ons dit aan almal verkondig, beteken egter nie almal gaan gered word nie, netsoos die bediening van die doop en nagmaal nie beteken dat almal deel aan die inhoud daarvan nie. Aangaande die Nagmaalsbediening lees ons in die formulier:

> Nou het die wat weergebore is, tweërlei lewe in hulle: die een liggaamlik en tydelik, wat hulle van hulle eerste geboorte saamgebring het en wat alle mense besit; die ander geestelik en hemels, wat aan hulle gegee word in die tweede geboorte, wat deur die Woord van die evangelie in die gemeenskap van die liggaam van Christus plaasvind. Almal deel nie in hierdie lewe nie, maar slegs die uitverkorenes van God. ... Verder, hoewel die sakramente en die sake waarvan hulle tekens is, bymekaar hoort, word nie beide deur alle mense ontvang nie. Die goddelose mens ontvang wel die sakrament tot sy verdoemenis, maar hy ontvang nie die waarheid van die sakrament nie.

Aangaande die verkondiging, wat aan alle mense moet uitgaan, lees ons in HK:

> Vraag 84: Hoe word die koninkryk van die hemel deur die verkondiging van die heilige evangelie oop- en toegesluit ?
> Antwoord: Volgens die bevel van Christus word *aan die gelowiges* gesamentlik en afsonderlik verkondig en openlik betuig dat al hulle sondes hulle waarlik deur God ter wille van die verdienste van Christus vergewe is so dikwels *as wat hulle die belofte* van die Evangelie met 'n ware geloof aanneem. Daarenteen word aan al die ongelowiges en huigelaars verkondig dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op hulle rus solank hulle hulle nie bekeer nie. Volgens hierdie getuienis van die evangelie sal God sowel in hierdie as in die toekomstige lewe oordeel.

Hier word dit duidelik gestel dat die belofte vir die gelowiges is en so aan hul verkondig moet word. En dit is juis wat plaasvind deur die bediening van die Verbond in die geskiedenis. God se kinders word vergader deur die verkondiging van sy Woord. Daarom kan saamgestem word met Bavinck se 'samenhang tussen verbond en uitverkiezing', nl.:

> "dat God de uitverkiezing uitvoert in de weg van het verbond, maar ook dat het verbond de weg beschrijft waarlangs de uitverkorenen tot hun bestemming worden geleid. 'Verkiezing en verbond zijn daarom niet te onderscheiden als een engere en ruimere kring, want zij omvatten beide dezelfde personen." (Van Genderen, 1992: 25).

Dit is niks anders as wat ons leer by Paulus in die Heilige Skrifte nie:

> [8] Skaam jou dan nie oor die getuienis van onse Here of oor my sy gevangene nie, maar ly saam verdrukkinge vir die evangelie na die krag van God [9] wat ons gered en geroep het met 'n heilige roeping, nie volgens ons werke nie, maar volgens sy eie voorneme en genade wat ons *van ewigheid af in Christus Jesus geskenk is*,[10] maar wat nou geopenbaar is deur die verskyning van ons Verlosser, Jesus Christus, wat die dood tot niet gemaak het en die lewe en die onverderflikheid aan die lig gebring het deur die evangelie, [11] waarvoor ek aangestel is *as prediker* en apostel en leraar van die heidene. – 2 Tim.1

> [10] Daarom verdra ek alles *ter wille van die uitverkorenes*, sodat hulle ook die verlossing wat in Christus Jesus is, kan verkry met die ewige heerlikheid. [11] Dit is 'n betroubare woord; want as ons met Hom gesterf het, sal ons ook met Hom lewe. [12] As ons verdra, sal ons met Hom regeer. As ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën. [13] *As ons ontrou is, Hy bly getrou*, Hy kan Homself nie verloën nie. – 2 Tim.2

> PAULUS, 'n dienskneg van God en 'n apostel van Jesus Christus, volgens die geloof van die uitverkorenes van God en die kennis van die waarheid wat na die godsaligheid is, [2] in die hoop

van die ewige lewe wat God, wat nie kan lieg nie, *van ewigheid af beloof het*, [3] en op die regte tyd sy woord bekend gemaak het *deur die prediking* wat aan my toevertrou is, ooreenkomstig die gebod van God ... – Tit.1